



NOODPLAN

GEBEURLIKHEIDSPLAN TYDENS OPROER GEDURENDE DIE SENIOR SERTIFIKAAT EKSAMEN

NSS

Inligting wat belangrik is:

Die korrekte inligting rakende 'n sekere aksie is van die uiterste belang.

Die volgende inligting kan van belang wees:

1. Wie is betrokke by die aksie?
 - 1.1 'n Persoon of persone – hoeveel?
 - 1.2 'n Organisasie – watter organisasie?
2. Waar word die aksie uitgevoer?
3. Wat doen hulle?
 - 3.1 Watter eise stel hulle?
 - 3.2 Wat is hulle houding?
4. Tyd?
 - 4.1 Wanneer het die aksie begin?
 - 4.2 Is daar 'n spertyd?
5. Is daar inmenging?
 - 5.1 Watter inmenging is daar met die normale skoolbedrywighede?
 - 5.2 Hoeveel persone en kinders is betrokke?

Optrede deur die skoolhoof:

1. Die besoekers behoort by 'n geskikte lokaal of terrein byeengebring te word.
2. Die skoolhoof rapporteer aan die onderwysdepartement en die bestuursliggaam.
3. Die plaaslike bevelvoerder van die SAPD moet onmiddellik oor die situasie ingelig word. Die SAPD moet versoek word om geen stappe te doen voordat hulle nie daartoe versoek word nie.

4. Alle onderhandelings met die leier en ander lede van die groep moet op hoflike en sensitiewe wyse gehanteer word.
5. Die wetlike aspekte rakende die aangeleentheid moet aan die besoekers verduidelik word.
6. Daarna behoort die besoekers versoek te word om die terrein te verlaat.
7. Indien hulle weier, moet die SAPD versoek word om op te tree.
8. Die SAPD sal slegs as laaste uitweg versoek word om op te tree.
9. Onderhoude met die media mag slegs met die goedkeuring van die onderwysdepartement gevoer te word.
10. Na afloop van die gebeure (massa-aksie) moet die skoolhoof 'n volledige skriftelike verslag by die onderwysdepartement indien.

Optrede rondom die eksamenlokaal:

1. Die toesighouers in die lokaal moet verwittig word van die oproer.
2. Die nuus moet so oorgedra word dat dit nie die leerders sal ontstel nie.
3. Al die deure na buite moet gesluit en bewaak word.
4. Die oproeriges moet so ver as moontlik weggehou word van die eksamenlokaal af.
5. Wanneer leerders agterkom daar is abnormale beweging buite, moet hulle ingelig word wat die situasie is, maar hulle moet kalm bly.
6. Daar moet ten alle tye orde in die eksamenlokaal wees.
7. Indien die eksamenlokaal ontruim moet word, kan die skoolsaal gebruik word. Vraestelle sal deur toesighouers opgeneem word en leerders ordelik onder toesig geskuif word.
8. Wanneer die optrede baie aggressief raak en onbeheerbaar word, moet die SAPD ingeroep word.